

Inhoudsopgawe

	'n Blitskursus oor God	7
Hoofstuk 1	God gee vir jou om <i>Liefdevol</i>	19
Hoofstuk 2	God is beter as wat jy dink <i>Goed</i>	39
Hoofstuk 3	God is groter as wat jy dink <i>Oneindig</i>	57
Hoofstuk 4	God is nie wispelturig nie <i>Onveranderlik</i>	73
Hoofstuk 5	God is nie swak nie <i>Almagtig</i>	91
Hoofstuk 6	God is altyd en oral <i>Alomteenwoordig</i>	107
Hoofstuk 7	God word nooit verras nie <i>Alwetend</i>	125
Hoofstuk 8	God raak nooit gefrustreerd nie <i>Geduldig</i>	143
Hoofstuk 9	God weet altyd wat om te doen <i>Wys</i>	159

Hoofstuk 10	God ken geen grense nie <i>Ewig, selfonderhoudend</i>	175
Hoofstuk 11	God is 'n minnaar <i>Jaloers</i>	193
Hoofstuk 12	God laat altyd geregtigheid geskied <i>Regverdig</i>	209
Hoofstuk 13	God is vol deernis <i>Barmhartig</i>	229
Hoofstuk 14	God gee nooit moed op nie <i>Getrou</i>	249
Hoofstuk 15	God is beter as enigiemand wat jy ken <i>Heilig</i>	267
Hoofstuk 16	God is 'n kunstenaar <i>Kreatief</i>	283
Hoofstuk 17	God is bo alles <i>Verhewe</i>	303
	Erkennings	319
	Eindnote	321
	Oor die skrywer	327

'n Blitskursus oor God

Hoekom dit goed is om meer
oor sy kenmerke te weet

Ek verlang na God, nie na die werke van God nie.

Klemens van Aleksandrië

Stel jou voor jy kon nog nooit musiek van geraas onderskei nie. Elke liedjie, elke simfonie, elke noot sou vir jou onsamehangend en onaangenaam klink. Jy sou sukkel om jou lag te hou wanneer jy sien hoe jou vriende 'n gek van hulleself maak terwyl hulle die woorde van hulle gunsteling liedjies uitgalm, of as hulle oor die dansvloer tol op maat van 'n melodie wat jy nie kan hoor nie. En wat van al die geld wat uitgegee word op musiek wat van die internet afgelaai word, of die tyd wat verkwis word om te luister na 'n klomp kras klanke wat aanmekaargeryg is? Sou dit alles nie vir jou bisar wees nie?

Dit was vir byna 23 jaar Austin Chapman se perspektief. Hy is doof gebore, en hy het vrede gemaak met die situasie. "Alle musiek," verduidelik hy, "het deur my gehoorapparate na onsin geklink." Dit alles het egter ver-

ander toe hy die dag 'n nuwe gehoorapparaat ontvang wat hoër frekwensies met groter helderheid kon versprei.

Skielik het hierdie jong filmmaker klanke gehoor wat hy nie eens geweet het bestaan nie – sy skoën wat oor die mat girts, die geklik van sy rekenaar se toetsbord, die geruis van 'n waaiër. Daardie aand het sy vriende besluit om vir hom 'n blitskursus in musiek te gee. Hy het verstom na Mozart, Elvis, Michael Jackson en nog vele ander musikante geluister.

“Toe ek Mozart se ‘Lacrimosa’ hoor,” vertel Chapman, “het die skoonheid daarvan my asem weggeslaan. In een stadium het dit vir my geklink soos engele wat sing. Skielik het ek besef dit was die heel eerste keer dat ek musiek kon waardeer. Trane het oor my wange afgerol. Ek het dit probeer wegsteek ... Uiteindelik het ek die krag van musiek verstaan.”¹

Chapman se verhaal herinner my aan my eerste ervaring met God. Vroeër in my lewe het die meeste dinge wat ek oor Hom gehoor het vir my onsinnig en vervelig geklink, amper soos die gesuis wat deur gehoorapparate kom. Hierdie brokkies kennis het my nie geraak nie; intendeel, dit het my koud gelaat en selfs effens bang gemaak. Die bietjie geloof wat ek gehad het, het verdwyn kort nadat ek universiteit toe is. Ek het my bes gedoen om vrede te maak met my Godlose lewe, asof dit heeltemal normaal was, die enigste rasonale reaksie op die lewe.

Maar toe ontwapen God my. Hy het my verras deur eg te wees, en deur my te laat insien die god wat ek verwerp het, bestaan nie eens nie. Ek het nie werklik my rug op God gedraai nie, maar op 'n karikatuur wat deur my en ander mense se wanpersepsies gevorm is. Toe die ware God aan my verskyn, het Hy my lewe verander. Hy het my wêreld omgekeer en al my verwagtings oortref.

Hy doen dit steeds: Hy verras my; Hy vang my onkant;

Hy versplinter die vals beelde wat ek van Hom het. Dit is waar vir die meeste van ons namate ons ons Christelike lewe uitleef. In ons verstandigste oomblikke besef ons die belangrikste ding wat ons kan doen, is om God te soek, om Hom selfs te jag soos 'n jaghond sy prooi, om biddend daarop aan te dring dat Hy vir ons 'n duideliker openbaring sal gee van wie Hy is. Want deur dít te doen, vervul ons die doel waarvoor Hy ons geskep het. Dit is in sy teenwoordigheid dat ons lewe en vreugde vind. Alle ander dinge, dié dinge wat skreeu om ons aandag en daarop aandring dat ons dit sal aanbid, word ontbloot vir wat hulle werklik is – pragtige onbenullighede wat soos foelie-weerkaatsings van God se heerlikheid lyk wanneer ons dit met Hom vergelyk.

Die profete van die Ou Testament het geweet hoe vatbaar ons vir afgodery en vals aanbidding is. Weer en weer het hulle uitgevaar teen afgodsdienste en dit gelykgestel aan blindheid. Luister net na Jesaja se beskrywing van mense wat afgode dien:

Sulke mense weet nie wat hulle doen nie, hulle het nie insig nie, hulle oë is toegepleister, hulle sien nie, niks dring tot hulle verstand deur nie. Hulle kom nie tot besinning nie, hulle het te min kennis en verstand om te sê: “'n Gedeelte van die hout het ek verbrand, ek het op die kole kos gaar gemaak, ek het vleis gebraa en geëet, en moet ek nou van wat oor is 'n afskuwelike afgod maak, moet ek voor 'n stuk hout buig?” Iemand wat hom met as besig hou, laat hom mislei deur sy eie verdraaide opvattinge. Hy kan homself nie red nie, hy vra homself nie af: “Is dit nie 'n leuen waarmee ek my besig hou nie?”

JESAJA 44:18-20

Deur die hele Bybel heen sien ons hierdie skakel tussen

God se oordeel en die afstomping van ons menslike sintuie.² Jesus, die Een wat daarvoor bekend is dat Hy die blindes se oë laat sien en die dowes se ore laat hoor het, het hierdie verband kristalhelder gelê:

“Ek het na hierdie wêreld toe gekom met die oog op ‘n beslissing, sodat dié wat nie sien nie, kan sien, en dié wat sien, kan blind word.” Party Fariseërs wat by Hom was, het dit gehoor en vir Hom gesê: “Ons is mos nie blind nie!” Jesus antwoord hulle: “As julle blind was, sou julle nie skuldig gewees het nie; maar nou sê julle: ‘Ons sien.’ Daarom bly julle skuldig.”

JOHANNES 9:39-41

As ons God duideliker wil sien, moet ons bereid wees om ons vals beelde te laat vaar wanneer ons die genade ontvang om hulle as vals beelde te herken. Ons menslike visie is uiteraard altyd beperk. Ons misleide hart bedrieg ons. Ons kan net sien in dié mate dat God in sy genade ons oë oopmaak – die oë van blindes.

Terwyl ek onlangs getob het oor die probleme wat so swaar op ons lewe druk – werkverlies, siekte, finansiële druk, konflik in verhoudings en nog vele ander – het dit my getref dat die emosionele pyn wat ons weens ons probleme ervaar dikwels uit verband geruk word weens ‘n kolossale, algemene misverstand onder die mensdom. Dié misverstand spruit uit ons gebrek aan visie. Die meeste van die tyd sien ons nie onself, ons omstandighede of die God vir wie ons lief is baie duidelik nie. Paulus sê ons kyk altyd “in ‘n dowwe spieël” (1 Kor. 13:12). Ons visie is daarom wasig, beperk en verwarrend. Dit plaas ons op die voorgrond terwyl alle ander dinge na die agtergrond verskuif word. Ons vrese, ons aspirasies, ons probleme – dit is die belangrikste dinge wat ons aandag opeis.

Hierdie verwronge visie gebeur met almal – Christene én nie-Christene – selfs al het God waarhede oor Homself geopenbaar wat ons verdraaide sienings van wat regtig gebeur behoort te ontrafel. Al sien ons God nou in die prentjie verskuif ons as Christene Hom dikwels na die wasige agtergrond omdat ons steeds deur selfsug en vrees beheer word.

Toe ek 'n kind was, is ek bekendgestel aan 'n god wat alsierende, almagtig en alwetend was. In my kinderlike gedagtes het hy egter vir my ver weg, skrikwekkend en onbetroubaar gelyk. Hoe kan 'n mens lief wees vir 'n god wat jou minag oor al jou mislukkings, vir 'n volmaakte god wat nooit tevrede sal wees omdat jy so vol tekortkomings is nie? Gelukkig het my ongebalanseerde en verwronge siening van God uiteindelik plek gemaak vir die begrip dat God my liefhet soos die getrouste pa ooit. Trouens, Hy het sy Seun gegee om my te red en my sondes te vergewe.

In die jare ná my bekering het ek gesien hoe die kerk die ongenaakbare god van my jeug verwerp ten gunste van 'n veel sagter god – 'n god wat altyd teer en verdraagsaam is en nie te veel van sy mense eis nie. In die Westerse kerk het die gedagtes oor God se heiligheid en ontsagwekkendheid op die agtergrond vervaag of selfs heeltemal verdwyn. Die sagte god vorm net sagte volgelingen, volgelingen wat geestelik verswak is, kwesbaar vir die vormende krag van die omringende samelewing en vir die altydveranderende omstandighede wat die menslike bestaan kenmerk.

Wat wil ek eintlik sê? Moet ons na die harde god terugkeer? Glad nie. Ons durf nie een verwronge gedagte verwerp om 'n ander een te aanvaar nie. Wat ons nodig het, is iets wat slegs God vir ons kan gee – 'n ware en dieper besef van wie Hy as die almagtige, ewigdurende God werklik is. Hy is die God wat heilig en tog genadig is; ja-loers en tog liefdevol; regverdig en tog vergewensgesind.

Hy is die God van Abraham en Sara en Moses en Dawid en Maria Magdalena en Petrus en Johannes en al die getroue gelowiges wat ons vooruit gegaan het. Hulle het geleef in die kennis van God se majesteit; hulle het lewensveranderende kennis van sy grootheid en goedheid gehad. A.W. Tozer het dit soos volg gestel: “Die groot kerk het eeue lank van God se karakter geleef. Hy het God verkondig, tot God gebid, God vereer, God verhoog en van God getuig.”³

Laat ons dan nie tevrede wees met ’n siening van God wat afgewater en bloedarmoedig is nie, ’n beeld wat aan skerwe sal spat wanneer die lewe moeiliker raak as wat ons kan verduur nie. Kom ons bid eerder dat God ons uit ons selfvergenoegdheid sal ruk sodat ons sal honger en dors na meer van Hom.

Leer meer oor God

Een manier om ons hunkering na God te verhoog is om Hom biddend en nederig te soek deur meer oor Hom te leer. In die Joodse tradisie is ’n studie van God wat op hierdie manier gedoen word die hoogste vorm van aanbidding. Maar, hoe kan ons ’n Wese bestudeer wat geweldig ver verhewe is bo enigiets of enigiemand wat ons al ooit teëgekom het? Miskien kan ons dit verduidelik deur ’n ou woord af te stof. Hierdie woord is *kenmerk*. God se kenmerke is eienskappe en fasette van sy karakter wat in die Bybel geopenbaar word. Party mense sal dalk beswaar maak dat dit onmoontlik is vir mense om God te verstaan. Hulle sal reg wees. Nogtans kan God ons in staat stel om Hom op dieper maniere te ervaar namate ons meer van Hom leer. Hoekom sou Hy Hom geopenbaar het as Hy nie geken wou word nie?

Terwyl ons God se kenmerke bestudeer, moet ons ook

ander woorde afstof, soos *heilig, almagtig, alwetend, alomteenwoordig, regverdig, soewerein en verhewe*. (Raak jy al aan die slaap?) Eerder as om ons tot die dood toe te verveel, kan hierdie woorde ons dalk net – wanneer ons hulle uitdelf om hulle Bybelse betekenis te ontdek – opgewonde maak. Dié woorde kan ons bevry van die enorme fout om tot die slotsom te kom dat God te swak of te ver weg of te sag is om ons te help om met vreugde en sonder vrees te leef, ongeag die probleme wat oor ons pad kom. Wie weet, dalk sal 'n deeglike studie van die kenmerke van God ons selfs wys dat God baie groter en baie beter is as wat ons dink. Soos musiek wat ons die eerste keer duidelik kan hoor, sal ons biddende studie van God dalk vir ons 'n diep ervaring gee wat ons verstom en ons bly maak, 'n ervaring wat God plaas waar Hy hoort – op die voorgrond – terwyl ons sorg en kommer op die agtergrond verdwyn.

Miskien is dít wat ons die nodigste het – 'n blitskursus oor God, eerder as 'n blitskursus in musiek. Namate ons ons verdiep in God se selfopenbaring, wat ons in die blad-sye van die Bybel kan vind, laat ons bid dat se Gees ons sal wys wie God regtig is. As ons die Bybel sonder die leiding van die Heilige Gees bestudeer, sal dit nie die begeerde resultate oplewer nie.

Net een waarskuwing: Selfs met die beste bedoelings is dit maklik om die God na wie ons soek verkeerd te verstaan. Deel van die probleem is dat sonde ons visie belemmer. Dit verdraai ons sienings. Ons wil 'n god hê wat deur ons beheer kan word, een wat deur ons bestuur en gebruik kan word. God kan egter nie deur ons selfsugtige hunkerings verklein word nie. Nog 'n hindernis is ons beperkte vermoëns. Ons is soos kinders wat die see in 'n emmertjie probeer opskep. Ons is beperkte wesens wat die hart en verstand van die onbeperkte God probeer begryp.

Soms twyfel ons aan God – miskien nie openlik nie,

maar in die geheim. Ons veroordeel sy motiewe, veral wanneer die lewe vir ons skeefloop. Ons verdink Hom daarvan dat Hy onvriendelik, ongevoelig of selfs wreed is. Hy tree nie op soos ons dink Hy behoort op te tree nie. Hy tree nie volgens ons tydsberekening op nie. Of dalk tree Hy glad nie op nie. Ons bid en bid, maar ons hoor geen antwoord nie. Net stilte.

Ons oordeel is gegrond op foutiewe en gebrekkige kennis, en dit kan ons tot gevoelens van teleurstelling, verwonding, woede en verwarring lei. Ons wonder: *Hoe kan die goeie God die wreedheid en geweld duld wat so dikwels ons wêreld kenmerk?* Omdat ons nie verstaan nie, begin ons God se motiewe, krag en goedheid bevraagteken. Ons wonder waarom die almagtige God dit nog nie kon regkry om die heelal reg te ruk nie. Al word die Christelike geloof al meer as 2 000 jaar lank versprei, en al het dit reeds enorme bydraes tot die wêreld gelever, is daar steeds baie duisternis in ons lewe.

Katherina die Grote was een van die wêreld se magtigste leiers in die tweede helfte van die 18de eeu. Tydens haar heerskappy vanaf 1762 tot en met haar dood in 1796 het Katherina daarna gesmag om die Russiese kultuur en regering in ooreenstemming te bring met die beginsels van die Verligting in Wes-Europa. Dit was egter 'n ontmoedigende taak. Hier volg haar antwoord aan Diderot, die Franse filosoof wat druk op haar geplaas het om Rusland te hervorm volgens die verligte idees en riglyne:

Ek het met die grootste genot na die inspirasie van jou briljante verstand geluister. Al jou grootse beginsels, wat ek baie goed begryp, sal skitterend vaar in boeke, maar ongelukkig uiters swak in die praktyk. In jou planne vir hervorming vergeet jy van die verskil tussen ons twee se posisies: Jy werk net op papier. Papier aanvaar enigiets, is

glad en buigbaar en bied geen hindernis vir jou verbeelding of jou pen nie. Ek, daarenteen, arme keiserin, werk op mense se velle, wat baie meer sensitief en gevoelig is.⁴

Toe ek Katherina se antwoord lees, het dit my herinner dat God doelbewus gekies het om deur 'n redelik koppige medium te werk – mensevelle. Soos Katherina so insiggewend opgemerk het, is hierdie medium “sensitief en gevoelig”. Dit aanvaar nie abstrakte oplossings so maklik nie, selfs al is die oplossings goed begrond. Omdat God in en deur gebroke mense werk – mense wat nóg glad nóg buigbaar is – sal sy dade soms vir ons duister en versluier lyk. Hy “voldoen” nie aan ons idealistiese begrippe van hoe Hy behoort op te tree of hoe Hy dinge behoort te doen nie. Soos Paulus sê: Ons kyk, maar ons kyk in 'n dowwe spieël. Ten spyte van ons verwarring en duidelike beperkings, het God Hom in die Bybel aan ons geopenbaar en ons met sy Gees vervul sodat ons beter kan verstaan wie Hy werklik is.

Een feit om in gedagte te hou wanneer dit by God kom, is dat 'n kenmerk 'n kunsmatige konstruksie is – 'n nuttige manier om meer van God te leer. Nogtans kan God nie in sy onderskeie kenmerke verdeel word nie. Hy sal ook nie optree op maniere wat sy eienskappe weerspreek nie. Hy is byvoorbeeld steeds regverdig selfs wanneer Hy genade betoon. Hy is steeds liefdevol wanneer Hy jaloers is.

A.W. Tozer het nadruklik gesê: “God se kenmerke is nie geïsoleerde kenmerke van sy karakter nie, maar fasette van sy wese as eenheid. Sy kenmerke is nie alleenstaande eienskappe nie; dit is eerder begrippe wat ons gebruik om aan God te dink, aspekte van 'n volmaakte geheel, name wat ons gee aan alles wat ons weet waar is van die Godheid. Om die regte begrip van hierdie kenmerke te hê, is dit noodsaaklik dat ons hulle almal as een geheel sien.

Ons kan afsonderlik aan hierdie eienskappe dink, maar hulle kan nie van mekaar geskei word nie.”⁵

Hoe om hierdie boek te gebruik

Op die volgende bladsye gaan ons dieper in die Bybel delf om God se kenmerke te ontdek – aspekte van sy karakter wat duidelik aan ons geopenbaar word. Om jou te help om elke week oor een kenmerk na te dink, het ek ’n program met oordenkings ontwikkel. My doel met hierdie oordenkings is om jou na beter begrip en ’n dieper gebedslewe te lei. Elke week se leeswerk bevat vyf hoof-elemente: agtergrondinligting, Bybelstudie, oordenkings, Bybelbeloftes en gebed. Een week verloop soos volg:

Maandag: ’n Kerngedeelte uit die Bybel wat ’n spesifieke kenmerk van God openbaar, asook agtergrondinligting en ’n kort Bybelstudie, help jou om een spesifieke kenmerk van God te verstaan.

Dinsdag, Woensdag en Donderdag: Oordenkings help jou om spesifieke Bybelgedeeltes wat gaan oor die kenmerk wat jy ontdek het, te bid. Dit is ontwerp as ’n wegspringplek vir persoonlike gebed en lofprysing.

Vrydag: ’n Oordenking help jou insien hoe hierdie kenmerk met God se beloftes in die Bybel verband hou. Dit gee vir jou kerngedeeltes in die Bybel wat jy kan lees, oordink of selfs memoriseer. Die afdeling met die opskrif “Nog meer gebede en lofprysing” gee vir jou ’n lys bykomende Skrifgedeeltes wat met hierdie spesifieke kenmerk van God verband hou. As jy wil, kan jy oor die naweek daarvoor bid of dit verder bestudeer.

Terwyl jy hierdie boek lees, hoop ek jy sal – soos ek – ervaar dat om meer oor God se kenmerke te leer is soos om

water uit 'n diep put te skep. Dit verfris en versterk jou geloof soos die koel water jou verfris en versterk. Mag God jou in die dae en weke wat voorlê die moed gee om biddend te vra dat Hy jou sal voed, aanmoedig en versterk met 'n glashelder openbaring van wie Hy is.

Charles Spurgeon, die 19de-eeuse prediker, het eenkeer gesê: "Geen onderwerp van oordenking sal die verstand nederiger laat as gedagtes oor God nie ... Maar terwyl hierdie onderwerp die verstand nederig laat, laat dit die verstand ook ontwikkel."⁶ Mag God jou pogings beloon met 'n dieper besef van hoe groot Hy is sodat jou lewe oop en ontvanklik sal wees vir al die geleenthede wat kom oor die pad van dié wat weet hoe groot en wonderlik Hy is.

1



God gee vir jou om

LIEFDEVOL

God se aard

Vanuit 'n menslike oogpunt is die verrassendste waarheid oor God dat Hy liefde is. Dit is nie moeilik om jou 'n goddelike wese voor te stel wat oor onmeetlike krag beskik, onsterflik is of alle kennis besit nie. Ander godsdienste het sulke gode. Vir sommige van ons is dit ook nie te moeilik om vir ons 'n god voor te stel wat wys dat hy van ons hou nie. Maar wie sou 'n wese kon uitdink wie se liefde so onmeetlik is dat Hy mens geword het om dit te bewys?

God kan vir sommige mense soos 'n swak onderhandelaar lyk. Om mag vir swakheid, rykdom vir armoede en eer vir vernedering te verruil maak immers nie sin nie. Hy het selfs lig vir duisternis verruil en nege maande in 'n vrou se baarmoeder deurgebring sodat Hy ons van sy liefde kon oortuig en ons een met Hom kon laat word.

God se liefde is allesoortreffend en brand hoog. Hy is 'n minnaar wat nie sal moed verloor nie, wat nie nee vir 'n antwoord sal aanvaar nie, wat nie afgejak sal word nie – tensy ons natuurlik hardkoppig en dwaas genoeg is om te glo Hy het ons nie regtig lief nie, ten spyte van die duidelike bewyse van sy liefde.

Vir dié wat kies om God te ontvang, is sy liefde onfeil-

BELEEF DIE GROOTHEID VAN GOD

baar, onwrikbaar, ewigdurend, barmhartig en ver verhe-
we bo enigiets waarvoor ons ooit kan vra of bid.

Kernverse uit die Bybel

*God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee
het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die
ewige lewe sal hê. God het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur
om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur
Hom gered kan word.*

JOHANNES 3:16-17

Maandag

GOD OPENBAAR HOMSELF

God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê. God het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word.

JOHANNES 3:16-17

Wat is nou ons gevolgtrekking oor al hierdie dinge? Dit: God is vir ons, wie kan dan teen ons wees? Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie? Wie kan die uitverkorenes van God aankla? God self spreek hulle vry. Wie kan ons veroordeel? Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons.

Wie kan ons van die liefde van Christus skei? Lyding of benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard? Daar staan immers geskrywe: "Dit is oor U dat die dood ons dag vir dag bedreig, dat ons soos slag-skapte behandel word."

Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet. Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.

ROMEINE 8:31-39

Verstaan God se liefde

Die Bybel gebruik hoofsaaklik twee beelde om met ons oor God se liefde te praat. In die Hebreeuse Bybel (die Ou Testament) word God se liefde met die metafoor van die liefde en verbintenis binne die huwelik uitgebeeld. Hy is die liefdevolle God wat met reg volkome trou verwag van die mense vir wie Hy lief is, al kry Hy dit nie. Al is hulle ontrou aan Hom, het Hy hulle steeds lief. Die boek Hosea sê God het Hom vir ewig aan sy volk verbind. Die Nuwe Testament neem hierdie metafoor verder deur Jesus die Bruidegom en sy kerk die bruid te noem.

Die Bybel gebruik ook die metafoor van ouers se liefde vir hulle kinders. In die hele Ou Testament word God as die liefdevolle Vader van sy volk, Israel, beskryf. Jesus het hierdie beeldspraak verder ontwikkel op 'n manier wat sy tydgenote geskok het – Hy het God sy Vader genoem en sy volgelingen genooi om dieselfde te doen.

Die Hebreeuse woord *'ahab* kan met “liefde”, “minnaars”, “vriende of “bondgenote” vertaal word. Dit verwys na die liefde tussen man en vrou, maar ook na die liefde tussen ouers en hulle kinders. Dit kan selfs na 'n hegte vriendskap verwys. Hierdie woord word 32 keer ten opsigte van God in die Bybel gebruik, en dit verwys na sy troue liefde vir die Israeliete en sy liefde vir reg en geregtigheid.

Deuteronomium 6:5 beveel God se volk: “Jy moet die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag.” Hierdie vers het deel geword van 'n gebed wat die *Sjema* genoem word. Die eerste woorde van hierdie gebed kom uit Deuteronomium 6:4: “Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here.” Jode wat aan die Tora gehoorsaam is, sê hierdie gebed soggens en saans op, en dikwels ook op hulle sterfbed. Só gee hulle uiting aan hulle hart se

reaksie op God se troue liefde.

Bybelse liefde is nie net 'n saak van toegeneentheid of hartstog nie, maar word ook deur liefdevolle daade uitgedruk. Net soos God sy troue liefde deur sy verlossingswerk in die lewe van sy volk bewys het, word ons geroep om ons liefde vir God te bewys deur Hom te gehoorsaam, sy Woord lief te hê en getrou aan Hom te leef.

Die ander woord in die Ou Testament vir liefde is *hesed* wat met "genade", "goedertierenheid" of "verbondstrou" vertaal kan word. Dit spreek boekdele oor die onverdiende liefde van iemand in 'n magtsposisie en verwoord die oorfloed van God se liefde uitstekend.

In die Nuwe Testament word die werkwoord *agapaō* en die selfstandige naamwoord *agapē* gebruik om menslike liefde, en die liefde van God vir sy volk, te beskryf. Hierdie liefde is volkome onverdiend en spruit voort uit God se karakter. Dit is nie die gevolg van iets in ons wat sy liefde aantrek nie. Die Nuwe Testament gebruik ook die Griekse werkwoord *phileō* om van menslike én Goddelike liefde te praat. Hierdie woord beskryf ook dikwels die liefde tussen vriende.

As ons enigins twyfel aan hoe diep God se liefde vir ons brand, hoef ons maar net die woorde van Johannes 3:16 te onthou: "God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê."

Hierdie opofferende liefde vereis 'n reaksie van ons kant. Net soos Jesus sy vyande lief gehad het, word ons geroep om ons vyande lief te hê. Dit beteken nie ons hoef van hulle te hou nie, maar dit beteken wel dat ons liefdevol teenoor hulle moet optree. Galasiërs 5:22 beskryf die liefde as deel van die vrug van die Gees. Slegs wanneer God se Gees lewend in ons is, sal ons God se liefde kan ontvang en dit na ander kan laat vloei.

BELEEF DIE GROOTHEID VAN GOD

Wanneer ons vir God lief is, kan ons nie anders as om vir ons naaste lief te wees nie.

Here, niemand het my nog ooit liefgehad soos U my liefhet nie. Toe ek nog ver van U af geleef het, het U my reeds geroep, vir my geveg en u arm uitgestrek om my te red. Dankie dat U my elke dag seën; dat U met my praat, my onderhou en my vergewe; dat U weier om moed op te gee met my. Dankie dat U my lewe beskerm. Ek het U lief, Here.

Leer meer oor God se liefde

1. Waaraan laat die woord *liefde* jou dink? Hoe vergelyk jou ervaring van liefde met die Bybelse ideaal?
2. Wat in jou lewe laat jou aan God se liefde twyfel?
3. Wat dink jy beteken dit om die Here jou God lief te hê “met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand”? Wees spesifiek.
4. Hoe kon jy al God se liefde aan ander mense betoon?
5. Hoe sou jou lewe anders kon wees as jy hierdie woorde van Paulus in Romeine 8:31-32 in elke situasie kon bevestig? “God is v^{ir} ons, wie kan dan teen ons wees? Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie?”
6. Raak stil om te bid. Vra God om jou kennis van sy onfeilbare liefde te verdiep sodat jy sy goedheid na ander mense kan laat vloei.

Dinsdag

BID IN DIE LIG VAN GOD SE LIEFDE

God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.

JOHANNES 3:16

Dink na oor: Johannes 3:16

Loof God: Vir Jesus, die onweerlegbare bewys van God se liefde

Dank God: Omdat Hy nooit sal ophou om jou lief te hê nie

Bely: Enige neiging om aan God se liefde vir jou te twyfel

Vra God: Om jou te help om die diepte van sy liefde vir jou en ander mense te begryp



Ek het onlangs lengtes gaan swem in 'n swembad naby my huis. Gewoonlik help my swembril my om die streep in die middel van die baan te sien sodat ek nie breinskade opdoen deur voluit in die swembad se rand vas te swem nie. Daardie dag het ek besonder stadig gevorder omdat my swembril aanmekaar vol water geword het.

Toe byna die helfte van my oefentyd verby was, en nadat ek ná elke lengte eers moes ophou swem om die water uit my bril te laat loop, het ek die probleem geïdentifiseer: Ek het my swembril onderstebo opgesit. Geen wonder dit het vol water geword nie!

Later het ek besef dat 'n onderstebo swembril 'n nuttige

metafoor is vir 'n kwaal waaraan baie van ons ly. Wanneer dit by God se liefde kom, is sommige van ons se verstaan daarvan heeltemal onderstebo. Al het ons gehoor God is liefde, en al glo ons maklik dat Hy ander mense liefhet, kan ons net nie heeltemal glo dat Hy ons liefhet nie. Daarom probeer ons hard om goeie dade te doen, en daarom verdrink ons in skuldgevoelens wanneer ons nie goeie dade doen nie. Ons probeer ons geloof uitleef, maar dit is vir ons moeilik omdat ons nie die energie het wat spruit uit die wete dat God ons liefhet nie.

Die probleem is deels dat ons in 'n sondige wêreld leef. Baie van ons het nog nooit onvoorwaardelike liefde ervaar nie. Daar was nog altyd voorwaardes aan die liefde in ons lewe verbonde.

Die tweede probleem is dat daar demoniese inmenging is. Soos die geraas van 'n radio wat nie mooi ingestel is nie, neem hierdie inmenging die vorm aan van twyfel en leuens wat die duiwel in ons lewe saai sodat dit vir ons onmoontlik raak om te begryp hoe baie God regtig vir ons omgee. As die duiwel ons vertrou in God se karakter kan vernietig, kan hy ons getuienis as Christene belemmer of selfs laat doodloop.

Ook lyding kan ons twyfel verskerp. Ons wonder: *Hoe kan die magtige, liefdevolle God soveel slegte dinge in ons lewe toelaat? As Hy ons liefdevolle Vader is, hoekom vaar Hy nie beter daarin om ons te beskerm nie?*

Die antwoord op hierdie soort vrae is nie maklik nie. Dit kom deels uit 'n dieper kennis van God sodat ons die wisselwerking tussen liefde en vryheid kan verstaan. Dit kom ook deur die besef dat ware liefde veelsydig en sterker as blote toegeneetheid is.

Namate ons meer van God se kenmerke leer ken, sal ons dalk vind ons kan ons geestelike bril reg om opsit sodat ons sy liefde duideliker kan sien en verstaan. Dan sal

ons die gebeure in ons lewe nie in die lig van ons omstandighede interpreteer nie, maar in die lig van die waarheid wat ons ken: "God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê" (Joh. 3:16).

Woensdag

BID IN DIE LIG VAN GOD SE LIEFDE

Toe ons nog magteloos was, het Christus immers reeds op die bestemde tyd vir goddeloses gesterwe. 'n Mens gee tog nie sommer jou lewe prys nie, selfs nie vir 'n regverdige nie. Ja tog, vir 'n goeie mens sal iemand miskien nog die moed hê om te sterwe. Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.

ROMEINE 5:6-8

"Meneer," vra hy, "wat is die grootste gebod in die wet?" Jesus antwoord hom: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel' en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod. En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.' In hierdie twee gebooue is die hele wet en die profete saamgevat."

MATTEUS 22:36-40

Dink na oor: Romeine 5:5-8; Matteus 22:36-40

Loof God: Omdat Hy liefde is

Dank God: Omdat Hy jou eerste liefgehad het

Bely: Enige neiging om te dink jy moet God se liefde verdien

Vra God: Dat sy liefde in jou na buite sal oorstroom



Ek het 'n vriendin wie se jong seun sukkel om enige soort liefde te betoon. Sy sussie het onlangs vir hom gevra of hy lief is vir haar. Chase het net sy skouers opgetrek, asof hy wou sê: *Miskien, miskien nie. Waarskynlik nie, maar wie gee*

om? Sy sussie wou egter nie moed opgee nie. Sy het hom met 'n klomp vrae gepeper: "Vir wie is jy lief? Wie is jou gunsteling juffrou by die skool? Is jy lief vir ons hond?" Chase was nie juis entoesiasties oor enigiemand behalwe hulle hond nie.

Toe kom die vraag wat my vriendin nie anders kon as om te hoor nie: "Chase, is jy lief vir Ma en Pa?"

"Soort van," het Chase met 'n toonlose stem geantwoord.

Al was dit nie wat my vriendin graag wou hoor nie, was sy nie verbaas nie. Al faal baie adolessente die "liefdes-toets", was haar seun nog nooit goed daarmee nie. Sy weet immers dit is vir haar outistiese kind moeilik om liefde aan enigiemand te wys. Ek wonder dikwels oor die impak wat dit op hulle verhouding het. As ouers kan ons baie verduur omdat ons in ons binneste weet ons kinders is lief vir ons. Maar hoe moet dit wees om te sorg vir 'n kind wat skynbaar nie jou liefde kan beantwoord nie, sodat die liefde net in een rigting beweeg?

Wanneer ons aan liefde dink, dink ons dikwels aan mense wat vir ons mooi is. Ons is lief vir mense omdat hulle mooi, vriendelik, liefdevol, warm, dapper, slim of snaaks is of goeie waardes uitleef. Iets in hulle wakker liefde vir hulle in ons aan.

God is egter anders. Hy het ons nie lief omdat ons goed of wonderlik of perfek is nie. Die dryfkrag agter sy liefde lê volkome in Hom. Die Bybel sê God het ons lief gehad toe ons nog veragtelik was, toe ons steeds op die verkeerde pad was, toe ons steeds só geleef het dat ons Hom diep seergemaak en beledig het. Geen wet van wedersydse aantrekkingskrag het 'n rol in sy liefde gespeel nie. God het ons eenvoudig lief gehad omdat Hy in sy diepste wese *liefde is*. Dit is hoekom Jesus vir sy volgelinge kon sê wanneer iemand hulle op die een wang slaan, moet hulle die

ander wang draai. Hy wou hulle leer om onbeminlike mense met God se liefde lief te hê, nie met menslike liefde nie.

Baie van ons gebruik steeds 'n menslike model vir ons verhouding met God. Miskien is dít hoekom dit vir ons so moeilik is om te glo dat God ons liefhet. Ons dink ons moet verander voordat God ons kan liefhê. Omdat ons seker is ons verdien nie God se liefde nie, twyfel ons altyd aan Hom.

Is dit nie tyd om op te hou om hierdie fout te maak nie? Is dit nie tyd om eens en vir altyd na God toe te draai en ons sonde en gebrokenheid om te ruil vir sy lewensveranderende liefde nie? Waarom vra jy Hom nie om jou vandag te help om sy liefde te ontvang nie?

Wonderdag

BID IN DIE LIG VAN GOD SE LIEFDE

Nou wys ek julle wat nog die allerbeste is: Al praat ek die tale van mense en engele, maar ek het geen liefde nie, het ek 'n stuk klinkende metaal, 'n galmende simbaal geword. Al het ek die gawe van profesie en ken ek al die geheimenisse en besit ek al die kennis, en al het ek al die geloof om berge te versit, maar ek het geen liefde nie, dan is ek niks. Al deel ek al wat ek het aan ander uit, en al gee ek my liggaam prys om my daarop te kan beroem, maar ek het geen liefde nie, baat dit my niks. Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik; dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie. Dit handel nie onweloweglik nie, soek nie sy eie belang nie, is nie liggeraak nie, hou nie boek van die kwaad nie. Dit verbly hom nie oor onreg nie, maar verheug hom oor die waarheid. Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles. En nou: geloof, hoop en liefde bly, hierdie drie. En die grootste hiervan is die liefde!

1 KORINTIËRS 13:1-7, 13

Dink na oor: 1 Korintiërs 13:1-7, 13

Loof God: Omdat Hy vir ons wys wat liefde is

Dank God: Dat die heel grootste gawe die liefde is

Bely: Enige vyandigheid wat jou keer om die evangelie in liefde te verkondig

Vra God: Om jou liefde te laat groei vir dié mense wat nie met jou saamstem nie



My oom en tannie het 'n houthuis in die noorde van Michigan gehad. Dit was fantasties om daar te gaan kuier,

veral wanneer dit warm was en ons in die rivier kon swem of visvang. Een somer, toe ek 14 was, het my oom 'n ou skedonk gekoop om in die woud mee rond te ry. Ek was verras toe hy die sleutel vir my gee en my verseker dat ek – wat nog nooit agter die stuur van 'n motor was nie – dit beslis nie sou kon stamp nie. Ek het die motor soos 'n tenk hanteer, eerder as soos 'n motor, en entoesiasies agter die stuurwiel in geskuif. Ongelukkig het my rit geëindig toe die motor geweier het om te beweeg nadat ek oor 'n groot stomp gery het. Ek is nie eintlik 'n motorwerktuigkundige nie, maar ek dink die kruiskoppeling was beskadig.

Soos jy dalk weet, is 'n kruiskoppelaar 'n koppelaar met skarniere wat die wiele in staat stel om te beweeg. Ek dink God se liefde is ook só – dit is die dryfkrag agter die Christelike lewe. Sonder sy liefde wentel geloof af totdat dit net 'n dooie godsdiens is sonder enige krag om enigiemand te verander, behalwe miskien ten slegte.

John S. Dickerson het in die *New York Times* oor die verval van die evangeliese leer in die VSA geskryf en gesê:

Sommige evangeliegesinde leiers is nie skaam oor die huidige verlamming van ons beweging nie. Ek is nie. Swaakheid is 'n kragtige reiniger. Paulus het immers geskryf: “Ek is bly oor swakhede ter wille van Christus” (2 Kor. 12:10).

Vir my is die verval en wanorde van die beweging 'n bron van hoop: die hoop dat kerke sal ophou soek na menslike krag en sal begin om Christus se krag te verkondig.

Christene kan nie eeue oue leerstellings verander om by die huidige tendense aan te pas nie. Maar ons kán en móét die manier waarop ons ons oortuigings uitleef, aanpas – met genade en nederigheid in plaas van meerderwaardige vyandigheid.

Die kernoortuiging van die evangeliese leer is dat

liefde en vergifnis vrylik beskikbaar is vir almal wat op Jesus Christus vertrou. Dit is die “goeie nuus” waaruit die evangelie se naam ontspring het (*euangelion* is ’n Griekse woord wat “blye tyding” of “goeie nuus” beteken).

In plaas daarvan om hoop te bied, het baie evangeliegesinde predikers die rol van die morele hekwagter, regter en jurie ingeneem. As ons voortgaan om hierdie rol te speel, sal ons aanhou teenstand uitlok en die “goeie nuus”, wat ons geroep is om te verkondig, versluier.¹

Dickerson se ontleding is van toepassing op Christene in elke vertakking van die kerk. Sonder liefde klink die Goeie Nuus nie baie goed nie. Net God se liefde kan die evangelie doeltreffend aan ander mense oordra. Dit is God se liefde wat mense in staat stel om sy radikale en lewensveranderende genade te ervaar.

BELOFTES OOR GOD SE LIEFDE

Ek het in die gangetjie gaan staan nadat ek op die vliegtuig geklim het en gewonder hoekom die ry mense so stadig vorentoe kruip. Toe ek om die mense na die middel van die vliegtuig loer, het ek die probleem geïdentifiseer. 'n Middelaarige man het sy bes probeer om 'n oorvol sak in die bagasieruim bokant sy sitplek te druk. Hy het gedruk, gestoot, gestamp en geslaan, asof sy vasberadenheid die sak kleiner sou maak as wat dit werklik was. Ons almal wat agter hom gestaan en wag het, het rusteloos geraak. Dit was moeilik om te glo dat hy die waarheid nie kon erken nie: Daardie sak sou nooit ooit in daardie ruimte kon pas nie. Uiteindelik het 'n lugwaardin haar oor almal ontferm deur die sak eenvoudig in die bagasieruim te laat laai.

Hierdie ervaring het my laat dink aan hoe dwaas dit is om aan te hou om strategieë wat keer op keer misluk, weer en weer te gebruik al is daar duidelike bewyse dat dit nooit sal werk nie. Neem byvoorbeeld die strategie om jouself meer aanvaarbaar vir God te probeer maak. Jy probeer jou lewe regruk of jou goed genoeg gedra sodat jy sy guns kan wen. Maar, dit maak nie saak hoe hard of hoe lank jy probeer nie, jy sal nooit sukses hiermee behaal nie. God se liefde is nie 'n prys wat jy kan verdien nie. Dit is 'n geskenk wat jy moet ontvang. Jy moet erken dat jy nie God se liefde verdien nie, maar dat jy sy liefde nodig het. Om by hierdie punt uit te kom vereis eerlikheid en nederigheid.

Om God weg te stoot totdat jy jou lewe "agtermekaar" gekry het, is soos om vir die dokter te sê jy sal 'n afspraak maak sodra jy gesond is. Jy sal nooit gesond word sonder God se hulp nie.

C.S. Lewis sê Christene moenie “dink God sal ons liefhê omdat ons deugszaam is nie, maar moet besef God sal ons deugszaam maak omdat Hy ons liefhet”.² Kom ons vra vandag vir God vir die genade om alles te ontvang wat Hy vir ons wil gee, in die geloof dat sy liefde ons sal maak wie ons graag wil wees.

Bybelbeloftes

Party was verdwaal in die woestyn, in 'n barre wêreld, en kon die pad na 'n bewoonde stad nie kry nie. Hulle was honger en dors, hulle was uitgeput, maar in hulle nood het hulle na die Here geroep om hulp en Hy het hulle gered uit hulle ellende. Hy het hulle op die regte pad gebring en by 'n bewoonde stad laat uitkom. Hulle moet die Here loof vir sy troue liefde, vir sy wonderdade wat Hy aan mense doen. Hy het die dors geles van dié wat versmag het, Hy het die goeie in oorvloed gegee aan dié wat honger gely het.

Party het in die donker gesit, in diep duisternis, hulle was gevangenes, in ellende en in boeie, want hulle het hulle verset teen die bevele van God, hulle het die leiding van die Allerhoogste in die wind geslaan. Hy het hulle laat knak onder swaarkry, hulle het inmekaar gesak, en niemand het gehelp nie. Maar in hulle nood het hulle na die Here geroep om hulp, en Hy het hulle bevry van hulle ellende. Hy het hulle uit die donker, uit die diep duisternis, laat uitkom, Hy het hulle boeie stukkend gebreek. Hulle moet die Here loof vir sy troue liefde, vir sy wonderdade wat Hy aan mense doen, want Hy het koperdeure oopgebreek, ystergrendels stukkend geslaan.

Party het dwaas opgetree, en deur hulle rebelse optrede, hulle sonde, het hulle in die ellende beland. Alle kos het hulle laat walg, en hulle het by die dood omgedraai, maar in hulle nood het hulle na die Here geroep om hulp, en Hy het hulle bevry van hulle ellende. Hy het hulle met 'n enkele woord gesond gemaak,

BELEEF DIE GROOTHEID VAN GOD

hulle aan die dood laat ontkom. Hulle moet die Here loof vir sy troue liefde, vir sy wonderdade wat Hy aan mense doen.

PSALM 107:4-21

Die Here jou God is by jou, Hy, die krygsman wat red. Hy is vol vreugde oor jou, Hy is stil-tevrede in sy liefde. Hy jubel en juig oor jou.

SEFANJA 3:17

Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes.

1 JOHANNES 4:10

Nog meer gebede en lofprysing

Deuteronomium 6:4-6

Deuteronomium 7:6-11

Spreuke 3:12

Jeremia 31:3

Hosea 11

Matteus 5:44-48

Matteus 22:36-40

Lukas 7:44-48

Johannes 16:27

Johannes 17:22-26

Galasiërs 5:22-23

1 Timoteus 6:10, NLV

1 Johannes 2:15-17